



STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Registered at the Post Office as a Newspaper

Verkoopprys • Selling price
(AVB uitgesluit/GST excluded)

Plaaslik **50c** Local
Buitelands 70c Other countries
Posvry • Post free

Vol. 275

KAAPSTAD, 20 MEI 1988
CAPE TOWN, 20 MAY 1988

No. 11313

KANTOOR VAN DIE STAATSPRESIDENT

STATE PRESIDENT'S OFFICE

No. 987. 20 Mei 1988

No. 987. 20 May 1988

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 51 van 1988: Wysigingswet op Finansiële Instellings, 1988.

No. 51 of 1988: Financial Institutions Amendment Act, 1988.

Wet No. 51, 1988

WYSIGINGSWET OP FINANSIËLE INSTELLINGS, 1988

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

_____ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

WET

Tot wysiging van die Versekeringswet, 1943, ten einde die Registrateur van Versekeringswese te magtig om enige bevoegdheid of werksaamheid deur genoemde Wet aan hom opgedra, aan 'n beamppte of werknemer in die staatsdiens te delegeer of toe te wys; en die verpligte belegging deur versekeraars in sekere soorte bates verder te reël; tot wysiging van die Wet op Pensioenfondse, 1956, ten einde die omskrywing van "afhanklike" te vervang; die Registrateur van Pensioenfondse te magtig om enige bevoegdheid of plig deur genoemde Wet aan hom toegewys, aan 'n beamppte of werknemer in die staatsdiens te delegeer of toe te wys; sekere versekeringspolisse by te voeg by die klasse bates waarin 'n geregistreerde fonds 'n minimum persentasie van die totale waarde van al die bates van die fonds moet hou; en die beskikking oor pensioenvoordele by die afsterwe van 'n lid van 'n geregistreerde fonds verder te reël; tot wysiging van die Wet op Onderlinge Hulpverenigings, 1956, ten einde die Registrateur van Onderlinge Hulpverenigings te magtig om enige bevoegdheid of plig deur genoemde Wet aan hom toegewys, aan 'n beamppte of werknemer in die staatsdiens te delegeer of toe te wys; tot wysiging van die Wet op Beheer van Effekte-trustskemas, 1981, ten einde die omskrywings van "effekte", "erkende effektebeurs" en "gelisensieerde effektebeurs" te vervang; die Registrateur van Effekte-trustmaatskappye te magtig om enige bevoegdheid of plig ingevolge genoemde Wet aan hom toegewys, aan 'n beamppte of werknemer in die staatsdiens te delegeer of toe te wys; die aard van die bedrag van aandeelkapitaal en nie-verdeelbare reserwes wat deur bestuursmaatskappye van effekte-trustskemas gehou moet word nader te omskryf en te verhoog; die bevoegdhede van genoemde Registrateur ten opsigte van die registrasie van bestuursmaatskappye van effekte-trustskemas verder te reël; die minimum bedrag van die belegging van 'n bestuursmaatskappy in 'n effektegroep te verhoog; die bevoegdhede van genoemde Registrateur ten opsigte van bedoelde bedrag uit te brei; en 'n beslote korporasie te verhinder om as trustee van 'n effekte-trustskema op te tree; tot wysiging van die Wet op Deelnemingsverbande, 1981, ten einde genoemde Registrateur te magtig om verdere voorwaardes ten opsigte van sekere skemas te stel; sekere bevoegdhede ten opsigte van advertensies, brosjures en ander soortgelyke dokumente aan genoemde Registrateur te verleen; en 'n sekere misdryf met betrekking tot advertensies, brosjures en ander soortgelyke dokumente te skep; tot wysiging van die Wet op Inspeksie van Finansiële Instellings, 1984, en die Wet op Finansiële Instellings (Belegging van Fondse), 1984, die bepalinge van genoemde Wet op beslote korporasies van toepassing te maak; tot wysiging van die Wet op Beheer van Effektebeurse, 1985, ten einde die omskrywings van "effekte" en "Registrateur" te vervang;

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

- []** Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.
- _____** Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

ACT

To amend the Insurance Act, 1943, so as to authorize the Registrar of Insurance to delegate or assign any power or duty assigned to him by the said Act to an officer or employee in the public service; and to further regulate the compulsory investment by insurers in certain kinds of assets; to amend the Pension Funds Act, 1956, so as to substitute the definition of "dependant"; to authorize the Registrar of Pension Funds to delegate or assign any power or duty assigned to him by the said Act to an officer or employee in the public service; to add certain insurance policies to the classes of assets in which a registered fund shall hold a minimum percentage of the aggregate value of all the assets of the fund; and to further regulate the disposition of pension benefits upon the death of a member of a registered fund; to amend the Friendly Societies Act, 1956, so as to authorize the Registrar of Friendly Societies to delegate or assign any power or duty assigned to him by the said Act to an officer or employee in the public service; to amend the Unit Trusts Control Act, 1981, so as to substitute the definitions of "licensed stock exchange", "recognized stock exchange" and "securities"; to authorize the Registrar of Unit Trust Companies to delegate or assign any power or duty assigned to him under the said Act to an officer or employee in the public service; to further define the nature of and to increase the amount of share capital and non-distributable reserves to be held by management companies of unit trust schemes; to further regulate the powers of the said Registrar in regard to the registration of management companies of unit trust schemes; to increase the minimum amount of investment of a management company in a unit portfolio and to extend the powers of the said Registrar in regard to such amount; and to prevent a close corporation from acting as trustee of a unit trust scheme; to amend the Participation Bonds Act, 1981, so as to empower the said Registrar to impose further conditions in regard to certain schemes; to grant certain powers in regard to advertisements, brochures and other similar documents to the said Registrar; and to create a certain offence relating to advertisements, brochures and other similar documents; to amend the Inspection of Financial Institutions Act, 1984, and the Financial Institutions (Investment of Funds) Act, 1984, so as to make the provisions of the said Acts applicable to close corporations; to amend the Stock Exchanges Control Act, 1985, so as to substitute the definitions of "Registrar" and "securities"; to provide for the designation of a Regis-

Wet No. 51, 1988

WYSIGINGSWET OP FINANSIËLE INSTELLINGS, 1988

voorsiening te maak vir die aanwysing van 'n Registrateur en Adjunk-registrateur van Effektebeurse; genoemde Registrateur te magtig om enige bevoegdheid of plig by of kragtens genoemde Wet aan hom opgedra of opgelê, aan 'n beampte of werknemer in die staatsdiens te deleger of toe te wys; sekere uitdrukkings te vervang of te skrap; genoemde Registrateur te magtig om die publikasie van besonderhede van effekte buite die Republiek toe te laat; voorsiening te maak vir die vasstelling van die datum waarop sekere reëls in werking tree; 'n effektemakelaar te magtig om sekere effekte wat deur hom gehou word of wat in sy bewaring is, te verkoop; en die president van 'n effektebeurse te magtig om sekere vorms namens 'n geregistreerde eienaar van effekte te teken; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 5 Mei 1988.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Invoeging van
artikel 2C in
Wet 27 van 1943.

1. Die volgende artikel word hierby in die Versekeringswet, 1943, na artikel 2B ingevoeg:

“Delegering van bevoegdhede en toewysing van werksaamhede. **2C.** Die registrateur kan, onderworpe aan die voorwaardes wat hy bepaal, enige bevoegdheid of werksaamheid deur hierdie Wet aan hom opgedra, aan 'n beampte of werknemer in die staatsdiens deleger of toewys, maar word nie daardeur van 'n aldus gedelegeerde bevoegdheid of toegewese werksaamheid ontdoen of onthef nie.”

Wysiging van artikel 17 van Wet 27 van 1943, soos vervang deur artikel 12 van Wet 10 van 1965 en gewysig deur artikel 4 van Wet 41 van 1966, artikel 2 van Wet 91 van 1972, artikel 6 van Wet 101 van 1976, artikel 3 van Wet 94 van 1977, artikel 2 van Wet 80 van 1978, artikel 4 van Wet 103 van 1979, artikel 2 van Wet 36 van 1981, artikel 1 van Wet 82 van 1982 en artikel 4 van Wet 86 van 1984.

2. Artikel 17 van die Versekeringswet, 1943, word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2) [(a)] Die in subartikel (1) (b) bedoelde bates moet, behoudens die bepalings van subartikels (2A) en (3), bates van die in Deel I van die Derde Bylae vermelde soorte insluit met 'n gesamentlike waarde gelyk aan minstens—

(i) drie-en-dertig persent van die bedrag van die subartikel (1) (b) bedoelde netto verbintnisse met uitsluiting van sodanige netto verbintnisse ten opsigte van langtermyn-versekeringsbesigheid wat met pensioenfondse en uittredingannuïteitsfondse gedryf word; [en]

(ii) onderworpe aan enige vrystelling ingevolge artikel 18ter, drie-en-vyftig persent van die bedrag van die bedoelde netto verbintnisse ten opsigte van langtermyn-versekeringsbesigheid wat met pensioenfondse en uittredingannuïteitsfondse gedryf word [maar onderworpe aan enige vrystelling ingevolge artikel 18ter] met uitsluiting van sodanige netto verbintnisse ten opsigte van langtermyn-versekeringsbesigheid gedryf kragtens polisse vermeld in paragraaf (j) van subartikel (1) van artikel 19 van die Wet op Pensioenfondse, 1956 (Wet No. 24 van 1956); en

(iii) eenhonderd persent van die bedrag van die bedoelde netto verbintnisse ten opsigte van langtermyn-versekeringsbesigheid gedryf kragtens polisse vermeld in paragraaf (j) van subartikel (1) van artikel 19 van die Wet op Pensioenfondse, 1956.”

Wysiging van artikel 1 van Wet 24 van 1956, soos gewysig deur

3. Artikel 1 van die Wet op Pensioenfondse, 1956, word hierby gewysig deur die omskrywing van “afhanklike” deur die volgende omskrywing te vervang:

FINANCIAL INSTITUTIONS AMENDMENT ACT, 1988

Act No. 51, 1988

trar and Deputy Registrar of Stock Exchanges; to authorize the said Registrar to delegate or assign any power or duty assigned to or imposed upon him by or under the said Act to an officer or employee in the public service; to substitute or delete certain expressions; to empower the said Registrar to allow the publication of particulars of securities outside the Republic; to provide for the determination of the date on which certain rules shall come into operation; to authorize a stock-broker to sell certain securities held by him or which are in his custody; and to authorize the president of a stock exchange to sign certain forms on behalf of a registered owner of securities; and to provide for matters connected therewith.

(Afrikaans text signed by the State President.)
(Assented to 5 May 1988.)

BE IT ENACTED by the State President and the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

1. The following section is hereby inserted in the Insurance Act, 1943, after section 2B:

Insertion of section 2C in Act 27 of 1943.

5 “Delegation of powers and assignment of duties. 2C. The Registrar may, subject to such conditions as he may determine, delegate or assign any power or duty assigned to him by this Act to an officer or employee in the public service, but shall not thereby be divested or relieved of a power or duty so delegated or assigned.”

2. Section 17 of the Insurance Act, 1943, is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

Amendment of section 17 of Act 27 of 1943, as substituted by section 12 of Act 10 of 1965 and amended by section 4 of Act 41 of 1966, section 2 of Act 91 of 1972, section 6 of Act 101 of 1976, section 3 of Act 94 of 1977, section 2 of Act 80 of 1978, section 4 of Act 103 of 1979, section 2 of Act 36 of 1981, section 1 of Act 82 of 1982 and section 4 of Act 86 of 1984.

15 “(2) [(a)] The assets referred to in subsection (1) (b) shall, subject to the provisions of subsections (2A) and (3), include assets of the kinds mentioned in Part I of the Third Schedule having an aggregate value not less than—

20 (i) thirty-three per cent of the amount of net liabilities referred to in subsection (1) (b), excluding such net liabilities in respect of long-term insurance business carried on with pension funds and retirement annuity funds; [and]

25 (ii) subject to any exemption under section 18ter fifty-three per cent of the amount of the said net liabilities in respect of long-term insurance business carried on with pension funds and retirement annuity funds, [but subject to any exemption under section 18ter] excluding such net liabilities in respect of

30 long-term insurance business carried on under policies referred to in paragraph (j) of subsection (1) of section 19 of the Pension Funds Act, 1956 (Act No. 24 of 1956); and

35 (iii) one hundred per cent of the amount of the said net liabilities in respect of long-term insurance business carried on under policies referred to in paragraph (j) of subsection (1) of section 19 of the Pension Funds Act, 1956.”

3. Section 1 of the Pension Funds Act, 1956, is hereby amended by the substitution for the definition of “dependant” of the following definition:

Amendment of section 1 of Act 24 of 1956, as amended by

Wet No. 51, 1988

WYSIGINGSWET OP FINANSIËLE INSTELLINGS, 1988

artikel 21 van
Wet 101 van 1976,
artikel 9 van
Wet 94 van 1977,
artikel 10 van
Wet 80 van 1978
en artikel 38 van
Wet 99 van 1980.

“afhanklike”, met betrekking tot ’n lid—

- (a) iemand **[wat na beskouing van die persoon wat die besigheid van die betrokke fonds bestuur, inderdaad van die lid vir onderhoud afhanklik is, ongeag of] ten opsigte van wie die lid regtens vir [die] onderhoud [van so iemand] aanspreeklik is [of nie];** 5
- (b) **[en ook] iemand [wat inderdaad nie van die lid vir onderhoud afhanklik is nie] ten opsigte van wie die lid nie regtens vir onderhoud aanspreeklik is nie, indien so iemand—** 10
- (i) **by die afsterwe van die lid inderdaad van die lid vir onderhoud afhanklik was; of**
- [(i) die eggenote of eggenoot van die lid is, met inbegrip van ’n party by ’n gewoontehuwelik volgens Swart reg en gewoonte of by ’n verbintenis wat volgens die leerstellings van ’n Asiaatiese godsdiens as ’n huwelik erken word; of]** 15
- (ii) ’n kind of afstammeling van ’n kind van die lid of die eggenote of eggenoot van so ’n kind of afstammeling is; 20
- [wat ooreenkomstig die reëls van die fonds op ’n voordeel geregtig mag word]**
- (c) **iemand ten opsigte van wie die lid regtens vir onderhoud aanspreeklik sou geword het indien die lid nie gesterf het nie;”**. 25

Invoeging van
artikel 3A in
Wet 24 van 1956.

4. Die volgende artikel word hierby in die Wet op Pensioenfondse, 1956, na artikel 3 ingevoeg:

“Delegering van bevoegd- hede en toe- wysing van pligte. 3A. Die registrateur kan, onderworpe aan die voorwaardes wat hy bepaal, enige bevoegdheid of plig deur hierdie Wet aan hom toegewys, aan ’n beampte of werknemer in die staatsdiens delegeer of toewys, maar word nie daardeur van ’n aldus gedele- geerde bevoegdheid of toegewese plig ontdoen of onthef nie.”. 30

Wysiging van
artikel 19 van
Wet 24 van 1956,
soos gewysig deur
artikel 13 van
Wet 80 van 1959,
artikel 9 van
Wet 58 van 1966,
artikel 1 van
Wet 80 van 1969,
artikel 2 van
Wet 23 van 1970,
artikel 7 van
Wet 91 van 1972,
artikel 23 van
Wet 101 van 1976,
artikel 11 van
Wet 94 van 1977,
artikel 11 van
Wet 80 van 1978,
artikel 14 van
Wet 103 van 1979,
artikel 39 van
Wet 99 van 1980,
artikel 14 van
Wet 82 van 1982,
artikel 20 van
Wet 46 van 1984,
artikel 17 van
Wet 86 van 1984
en artikel 11 van
Wet 50 van 1986.

5. Artikel 19 van die Wet op Pensioenfondse, 1956, word hier- by gewysig— 35

- (a) deur die volgende paragraaf by subartikel (1) te voeg:
- “(j) **polisse uitgereik aan die betrokke fonds deur ’n versekeraar wat wettiglik langtermyn-verseke- ringsbesigheid binne die bedoeling van die Verse- keringswet, 1943 (Wet No. 27 van 1943), dryf—** 40
- (aa) waarkragtens die omvang van die voordele met verwysing na die markwaarde van die ver- sekeraar se bates van die klasse vermeld in paragrafe (a) tot (i) van hierdie subartikel, 45
- bereken moet word; en
- (bb) wat die registrateur, onderworpe aan die voorwaardes wat hy bepaal, goedgekeur het.”; en
- (b) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te ver- 50
- vang:
- “(2) By die toepassing van subartikel (1) word onder die totale waarde van al die bates van ’n fonds nie die waarde van enige versekeringspolisse (uitgesonderd polisse vermeld in paragraaf (j) van subartikel (1)) uit- 55
- gereik deur iemand wat wettiglik versekeringsbesigheid binne die bedoeling van die Versekeringswet, 1943 (Wet No. 27 van 1943), dryf, ingereken nie.”.

Wysiging van
artikel 37C van
Wet 24 van 1956,
soos ingevoeg deur
artikel 24 van

6. Artikel 37C van die Wet op Pensioenfondse, 1956, word hierby gewysig— 60

- (a) deur na paragraaf (b) die volgende paragraaf in te voeg:

FINANCIAL INSTITUTIONS AMENDMENT ACT, 1988

Act No. 51, 1988

- “dependant”, in relation to a member, means—
- (a) a person **[considered by the person managing the business of the fund concerned as being in fact dependent on the member for maintenance, regardless of whether or not]** in respect of whom the member is legally liable for **[the]** maintenance **[of such person]**;
 - (b) **[and includes]** a person **[who is in fact not dependent on the member]** in respect of whom the member is not legally liable for maintenance, if such person **[is]**—
 - (i) was upon the death of the member in fact dependent on the member for maintenance; or
 - [(i) the spouse of the member, including a party to a customary union according to Black law and custom or to a union recognized as a marriage under the tenets of any Asiatic religion; or]**
 - (ii) a child or descendant of a child of the member or the spouse of such child or descendant;
 - (c) a person in respect of whom the member would have become legally liable for maintenance, had the member not died.”

section 21 of Act 101 of 1976, section 9 of Act 94 of 1977, section 10 of Act 80 of 1978 and section 38 of Act 99 of 1980.

4. The following section is hereby inserted in the Pension Funds Act, 1956, after section 3:

Insertion of section 3A in Act 24 of 1956.

30 **3A.** The registrar may, subject to such conditions as he may determine, delegate or assign any power or duty assigned to him by this Act to an officer or employee in the public service, but shall not thereby be divested or relieved of a power or duty so delegated or assigned.”

5. Section 19 of the Pension Funds Act, 1956, is hereby amended—

Amendment of section 19 of Act 24 of 1956, as amended by section 13 of Act 80 of 1959, section 9 of Act 58 of 1966, section 1 of Act 80 of 1969, section 2 of Act 23 of 1970, section 7 of Act 91 of 1972, section 23 of Act 101 of 1976, section 11 of Act 94 of 1977, section 11 of Act 80 of 1978, section 14 of Act 103 of 1979, section 39 of Act 99 of 1980, section 14 of Act 82 of 1982, section 20 of Act 46 of 1984, section 17 of Act 86 of 1984 and section 11 of Act 50 of 1986.

- (a) by the addition to subsection (1) of the following paragraph:
 - “**(j) policies issued to the fund concerned by an insurer lawfully carrying on long-term insurance business within the meaning of the Insurance Act, 1943 (Act No. 27 of 1943)—**
 - (aa) under which the extent of the benefits is to be calculated with reference to the market value of the insurer’s assets of the classes mentioned in paragraphs (a) to (i) of this subsection; and**
 - (bb) which the registrar has approved on such conditions as he may determine.”; and**
- (b) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:
 - “(2) For the purposes of subsection (1), the aggregate value of the assets of a fund shall not include any policies of insurance **[other than policies mentioned in paragraph (j) of subsection (1)]** issued by a person lawfully carrying on insurance business within the meaning of the Insurance Act, 1943 (Act No. 27 of 1943).”

6. Section 37C of the Pension Funds Act, 1956, is hereby amended—

Amendment of section 37C of Act 24 of 1956, as inserted by section 24 of

- (a) by the insertion after paragraph (b) of the following paragraph:

Wet No. 51, 1988

WYSIGINGSWET OP FINANSIËLE INSTELLINGS, 1988

Wet 101 van 1976
en vervang deur
artikel 41 van
Wet 99 van 1980.

- “(bA) Indien die fonds binne twaalf maande na die dood van ’n lid van ’n afhanklike of afhanklikes van die lid te wete kom of ’n afhanklike of afhanklikes van die lid opspoor, en die lid ook ’n benoemde, wat nie ’n afhanklike van die lid is nie, skriftelik by die fonds aangewys het om die voordeel te ontvang—
- (i) word soveel van die voordeel as wat na die oordeel van die persoon wat die besigheid van die fonds bestuur vir die onderhoud van die afhanklike of afhanklikes nodig is, aan sodanige afhanklike of afhanklikes betaal; en
- (ii) word die balans van die voordeel, behoudens die voorbehoudsbepaling by paragraaf (b), aan die benoemde betaal.”; en
- (b) deur die volgende subartikel by te voeg, terwyl die staande artikel subartikel (1) word:
- “(2) By die toepassing van hierdie artikel word ’n betaling deur ’n geregistreerde fonds aan ’n afhanklike geag ’n betaling in te sluit wat die fonds aan ’n trustee beoog in die Trustgelde Beskermings Wet, 1934 (Wet No. 34 van 1934), maak vir die voordeel van ’n afhanklike beoog in hierdie artikel.”.

Invoeging van
artikel 4A in
Wet 25 van 1956.

7. Die volgende artikel word hierby in die Wet op Onderlinge Hulpverenigings, 1956, na artikel 4 ingevoeg:

- “Delegering van bevoegd- hede en toe- wysing van pligte. 4A. Die registrateur kan, onderworpe aan die voorwaardes wat hy bepaal, enige bevoegdheid of plig deur hierdie Wet aan hom toegewys, aan ’n beampte of werknemer in die staatsdiens delegerer of toewys, maar word nie daardeur van ’n aldus gedele- geerde bevoegdheid of toegewese plig ontdoen of onthef nie.”.

Wysiging van
artikel 1 van
Wet 54 van 1981.

8. Artikel 1 van die Wet op Beheer van Effekte-trustskemas, 1981, word hierby gewysig—

- (a) deur die omskrywing van “effekte” deur die volgende omskrywing te vervang: “‘effekte’ aandele, effekte, onderaandele in ’n effekte-trustskema in eiendomsaandele, skuldbriewe en obligasies en ook ongedekte skuldbriewe, hetsy hulle inherente opsierregte het of omsitbaar is al dan nie;”;
- (b) deur die omskrywing van “erkende effektebeurs” deur die volgende omskrywing te vervang: “‘erkende effektebeurs’ ’n effektebeurs gelisensieer kragtens die Wet op Beheer van Effektebeurse, [1947] 1985 (Wet No. [7] 1 van [1947] 1985), of ’n effektebeurs buite die Republiek wat die registra- teur vir die doeleindes van hierdie Wet erken;”;
- (c) deur die omskrywing van “gelisensieerde effektebeurs” deur die volgende omskrywing te vervang: “‘gelisensieerde effektebeurs’ ’n effektebeurs gelisen- sieer kragtens die Wet op Beheer van Effekte- beurse, [1947] 1985 (Wet No. 1 van 1985);”.

Invoeging van
artikel 2A in
Wet 54 van 1981.

9. Die volgende artikel word hierby in die Wet op Beheer van Effekte-trustskemas, 1981, na artikel 2 ingevoeg:

- “Delegering van bevoegd- hede en toe- wysing van pligte. 2A. Die registrateur kan, onderworpe aan die voorwaardes wat hy bepaal, enige bevoegdheid of plig ingevolge hierdie Wet aan hom toegewys, aan ’n beampte of werknemer in die staatsdiens delegerer of toewys, maar word nie daardeur van ’n aldus gedele- geerde bevoegdheid of toegewese plig ontdoen of onthef nie.”.

FINANCIAL INSTITUTIONS AMENDMENT ACT, 1988

Act No. 51, 1988

5 “(bA) If the fund within twelve months of the death of
the member becomes aware of or traces a dependant or dependants of the member, and the member
has designated in writing to the fund a nominee who is not a dependant of the member, to receive
the benefit—
 (i) so much of the benefit as is, in the opinion of
 the person managing the business of the fund,
 required for the maintenance of the dependant or dependants, shall be paid to such dependant or dependants; and
 (ii) the balance of the benefit shall, subject to the proviso to paragraph (b), be paid to the nominee.”; and
15 (b) by the addition of the following subsection, the existing section becoming subsection (1):
 “(2) For the purpose of this section, a payment by a
20 registered fund to a dependant shall be deemed to include a payment made by the fund to a trustee contemplated in the Trust Moneys Protection Act, 1934 (Act No. 34 of 1934), for the benefit of a dependant contemplated in this section.”.

Act 101 of 1976 and substituted by section 41 of Act 99 of 1980.

7. The following section is hereby inserted in the Friendly Societies Act, 1956, after section 4:
25 “Delegation of powers and assignment of duties. **4A.** The registrar may, subject to such conditions as he may determine, delegate or assign any power or duty assigned to him by this Act to an officer or employee in the public service, but shall not thereby be divested or relieved of a power or duty so delegated or assigned.”.

Insertion of section 4A in Act 25 of 1956.

8. Section 1 of the Unit Trusts Control Act, 1981, is hereby amended—
35 (a) by the substitution for the definition of “licensed stock exchange” of the following definition:
 “‘licensed stock exchange’ means a stock exchange licensed under the Stock Exchanges Control Act, **[1947] 1985** (Act No. **[7] 1** of **[1947] 1985**);”;
40 (b) by the substitution for the definition of “recognized stock exchange” of the following definition:
 “‘recognized stock exchange’ means a stock exchange licensed under the Stock Exchanges Control Act, **[1947] 1985** (Act No. 1 of 1985), or a stock exchange outside the Republic recognized by the registrar for the purposes of this Act;” and
45 (c) by the substitution for the definition of “securities” of the following definition:
 “‘securities’ means shares, stock, units in a unit trust scheme in property shares, debentures, debenture stock and debenture bonds, and includes unsecured notes, whether or not they have inherent option rights or are convertible;”.

Amendment of section 1 of Act 54 of 1981.

9. The following section is hereby inserted in the Unit Trusts Control Act, 1981, after section 2:
55 “Delegation of powers and assignment of duties. **2A.** The registrar may, subject to such conditions as he may determine, delegate or assign any power or duty assigned to him under this Act to an officer or employee in the public service, but shall not thereby be divested or relieved of a power or duty so delegated or assigned.”.

Insertion of section 2A in Act 54 of 1981.

Wet No. 51, 1988

WYSIGINGSWET OP FINANSIËLE INSTELLINGS, 1988

Wysiging van artikel 3 van Wet 54 van 1981.

10. Artikel 3 van die Wet op Beheer van Effekte-trustskemas, 1981, word hierby gewysig deur paragraaf (b) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(b) ’n opbetaalde aandeelkapitaal en ['n kapitaalreserwe] nie-verdeelbare reserwes het wat gesamentlik nie minder as [R600 000] R2 000 000 bedra nie [het], wat werklik in sy effekte-trustbesigheid gebruik word of vir onmiddellike gebruik daarin beskikbaar is.” 5

Wysiging van artikel 4 van Wet 54 van 1981.

11. Artikel 4 van die Wet op Beheer van Effekte-trustskemas, 1981, word hierby gewysig deur in subartikel (3) die woorde wat op paragraaf (c) volg deur die volgende woorde te vervang:

“moet hy, behoudens die bepalings van subartikel (4) en op die voorwaardes wat hy goedvind, die aansoeker as ’n bestuursmaatskappy registreer en ’n registrasiesertifikaat in die voorgeskrewe vorm aan hom uitreik.” 15

Vervanging van artikel 9 van Wet 54 van 1981.

12. Artikel 9 van die Wet op Beheer van Effekte-trustskemas, 1981, word hierby deur die volgende artikel vervang:

9. (1) Elke bestuursmaatskappy moet te alle tye uit sy eie middele in elke effektegroepe beleggings ter waarde van minstens 10 persent van die waarde van die groepvormende effekte in daardie effektegroepe besit, en die onderaandele ten opsigte van sodanige beleggings as belanghebbende eienaar hou: Met dien verstande dat die registrateur op aansoek deur ’n bestuursmaatskappy kan bepaal dat die bedrag aldus 25 deur daardie maatskappy belê, nie [R200 000] R1 000 000 hoef te oorskry nie.

(2) Die registrateur kan na goeddunke ’n bepaling in die voorbehoudsbepaling by subartikel (1) bedoel, te eniger tyd intrek.” 30

Wysiging van artikel 20 van Wet 54 van 1981.

13. Artikel 20 van die Wet op Beheer van Effekte-trustskemas, 1981, word hierby gewysig deur paragraaf (b) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(b) ’n maatskappy of instelling, uitgesonderd ’n beslote korporasie bedoel in die Wet op Beslote Korporasies, 1984 (Wet No. 69 van 1984), wat kragtens ’n besondere Wet ingelyf is;” 35

Vervanging van artikel 26 van Wet 54 van 1981.

14. Artikel 26 van die Wet op Beheer van Effekte-trustskemas, 1981, word hierby deur die volgende artikel vervang:

26. (1) Benewens die bevoegdhede en pligte aan hom deur hierdie Wet verleen of opgelê, het die registrateur al die bevoegdhede en pligte aan hom verleen of opgelê deur die Wet op Inspeksie van Finansiële Instellings, [1962] 1984 (Wet No. [68] 38 van [1962] 1984). 45

(2) Enige verwysing in hierdie Wet na ’n inspeksie of ondersoek kragtens hierdie artikel gedoen, word uitgelê as ’n verwysing na ’n inspeksie gedoen kragtens die Wet op Inspeksie van Finansiële Instellings, [1962] 1984.” 50

Wysiging van artikel 29 van Wet 54 van 1981.

15. Artikel 29 van die Wet op Beheer van Effekte-trustskemas, 1981, word hierby gewysig deur paragraaf (b) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(b) ’n opbetaalde aandeelkapitaal en ['n kapitaalreserwe] nie-verdeelbare reserwes het wat gesamentlik nie minder as [R1 000 000] R2 000 000 bedra nie, wat werklik in sy effekte-trustbesigheid gebruik word of vir onmiddellike gebruik daarin beskikbaar is; en” 55

FINANCIAL INSTITUTIONS AMENDMENT ACT, 1988

Act No. 51, 1988

10. Section 3 of the Unit Trusts Control Act, 1981, is hereby amended by the substitution for paragraph (b) of subsection (2) of the following paragraph: Amendment of section 3 of Act 54 of 1981.

5 “(b) has a paid-up share capital and **[a capital reserve] non-distributable reserves** which together amount to not less than **[R600 000] R2 000 000** actually employed or immediately available for employment in its unit trust business.”.

11. Section 4 of the Unit Trusts Control Act, 1981, is hereby amended by the substitution in subsection (3) for the words following paragraph (c) of the following words: Amendment of section 4 of Act 54 of 1981.

15 “he shall, subject to the provisions of subsection (4) and on such conditions as he may deem fit, register the applicant as a management company and issue to it a certificate of registration in the prescribed form.”.

12. The following section is hereby substituted for section 9 of the Unit Trusts Control Act, 1981: Substitution of section 9 of Act 54 of 1981.

